Teksgedeelte: Heidelbergse Kategismus Sondag 48 en Psalm 143

Teksvers: Heidelbergse Kategismus Sondag 48 en Psalm 143:10-11

Tema: Laat U koninkryk kom sodat U wil sal geskied en u Naam geheilig sal word!

Vir die laaste paar Sondae is ons tydens die aanderedienste besig om te kyk na die Ons Vader-gebed en wat ons daaruit kan leer vir ons eie, persoonlike gebede. Ons het onder andere gehoor dat ons deur Jesus Christus vir God as ons Vader in gebed kan aanspreek. Meer nog, God wil hê dat ons Hom as ons Vader moet aanspreek. Hierin hoor ons eerstens God se hart vir ons – ons hoor van Sy liefde wat só groot is dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo die ewige lewe sal beërwe en tot Hom kan bid. Ons kan tot God nader en God wil hê dat ons in gebed na Hom toe moet gaan en ons afhanklikheid moet bely.

Ons het egter ook gehoor wat die gebed "Laat u Naam geheilig word" beteken en dat hierdie eerste bede van die Ons Vader-gebed ook daarop wys dat ons juis wil hê dat God se koninkryk ook moet kom. In die eerste bede bid ons dat ons God reg sal ken – ook sy regverdigheid. En dit is deur die koninkryk van God wat sy regverdigheid duidelik word. Só staan hierdie eerste bede en die tweede in `n besonderse verhouding met mekaar.

Trouens, die eerste drie bedes staan in `n besonderse verhouding met mekaar omdat hierdie drie bedes ons fokus op Wie God is en Sy wil met Sy skepping. "Laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, Laat u wil geskied in die hemel, net so ook op die aarde...". Hierdie drie bedes staan nie los van mekaar nie, maar in `n besonderse verhouding met mekaar, aangesien die een die ander tot gevolg het.

Luister maar weer hoe ons dit bely in Sondag 48 wanneer dit gaan oor die tweede bede. Eerstens bid ons dat God ons deur sy Woord en Gees sal regeer sodat ons ons hoe langer hoe meer aan Hom sal onderwerp. Dit is persoonlik, dit gaan oor elkeen van ons wat `n kind van God is, maar meer nog as dit: God se koninkryk is dié plek waar Sy wil sal geskied en waar ons sal lewe soos Hy wil hê! Om te bid dat God se koninkryk sal kom is dus nie `n vae, onduidelike bede nie, maar dit is `n bede wat elkeen van ons oproep om gehoorsaam te wees aan die wil van die Here, sodat dit duidelik sal word dat Hy ons Koning is! Dawid stel dit op `n besonderse manier in Psalms 143 wanneer hy bid en vra dat God hom sal leer hoe om Sy wil te doen, want God is sy God.

Om onder die regering van God te lewe beteken dat ons ook in afhanklikheid van die leiding van die Woord en die Gees sal lewe! Dit is om te bid soos Dawid in hierdie Psalm bid, naamlik dat God ons met sy goeie Gees sal lei! Hoe wonderlik is dit om te weet dat God ons nie meer deur sy Wet regeer nie, want soos Paulus ons leer, God se wet sou vir ons net die dood gebring het! Nee, God regeer ons nou deur die lewende Woord, Jesus Christus, en sy Heilige Gees – en Hy doen dit deurdat die

Heilige Gees ons lei om te wil lewe soos God wil hê ons moet lewe. Nou kan ons die wet van God gehoorsaam, nie omdat ons só goed is nie, maar omdat dit God is wat ons gewillig en bekwaam maak om sy wil te doen en dit is deur Jesus Christus wat Hy ons gemaak het om ons lewens te wei aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

Wanneer ons bid dat God se koninkryk moet kom, bid ons ook dat God sy Kerk, ons as die gemeenskap van die gelowiges, sal beskerm en bewaar. Sien, dit is juis hiervoor wat God die kerk in die wêreld geplaas het – die kerk is die sigbare teken van God se koninkryk hier op aarde. Dit is juis om hierdie rede dat Jesus, voor sy hemelvaart, met die dissipels oor die koninkryk van God gepraat het. Jesus Christus is Koning, ook oor sy Kerk, en om hierdie rede moet die kerk Sy koningskap in die wêreld duidelik uitleef.

Wanneer ons dan in die besonder bid dat God sy kerk sal beskerm en bewaar, bid ons dat God ons as kerk sal leer en lei hoe om Sy koninkryk uit te leef. Hierdie is nie `n toesluit-van-gevaar-beskerming nie, maar `n wapenrusting-aantrek-vir-die-oorlog-beskerming! Gebed is nie iets wat eindig met “amen” nie. Gebed beïnvloed en vorm my lewe. My gebed moet hande en voete kry in my lewe. Dit is juis om hierdie rede dat Dawid dan ook kan bid dat God in sy trou Dawid se vyande sal vernietig – Dawid het homself as `n gelowige gesien en daarom was God se vyande ook sy vyande!

Hoeveel meer is ons vyande dan nie vandag nie?! Dikwels is ons eie gemak ons grootste vyand. Ons sal bid dat God se koninkryk moet kom, maar as ons moet opoffer ter wille van die koninkryk, raak die koninkryk van God stil-stil weg. Ander kere is ons sonde die sondebok wat verhoed dat ons die koninkryk van God en die waardes moet leef.

Dawid het dus nie net gebid dat hy en die kerk van God beskerm sal word nie, maar ook dat God se vyande vernietig sal word! Dieselfde gebed wat ons bid wanneer ons bid dat God se koninkryk mag kom. Om te bid dat God se koninkryk mag kom, is ook `n gebed dat die ryk van die Satan vernietig sal word. Dat die anti-koninkryk rebel se magte vernietig sal word en ook alle magte wat in opstand is teen God se koninkryk. In wese is dit dus `n gebed dat God se Naam heilig gehou sal word deur al die gelowiges, want ook in ons beleef ons nog die aanslae van satan elke dag! Ook in ons beleef ons nog soms die opstand teen God se koninkryk, teen God se wil en ja, ook inherent teen die eer van God se Naam, wanneer ons sonde vir ons nog weglok van die Here af.

Tog, in al hierdie dinge, is hierdie gebed nie net vir die hier-en-nou gerig nie. Nee, die gebed is immers “laat u koninkryk kom..”! “Laat” dit nog kom – ons smag nog daarna! Ons verlang nog na die weerkoms van Christus en die finale realisering van God se koninkryk hier op aarde. Tot tyd en wyl daardie dag aanbreek, kan ons egter in kinderlike geloof bid: “Onse Vader in die hemel...laat u koninkryk kom!”

Amen